# Alfa Romeo

## Klub van Pretoria

## Club of Pretoria

## ARCOP

# Veloce

Nuusbrief / Newsletter
2024/01



Foto: Miguel Serrano – Alfa Romeo Giulia

**Alfa Romeo …… 'n mooi uitsig op die nuwe jaar!**

## *Komitee/Committee 2024*


**Voorsitter:**
Frank Boontjes 082 9686227
frankboontjes@gmail.com

**Tesourier**
Nielen Burger 083 3003409
staalburger80@gmail.com

**Regalia**
Frank Boontjes 082 9686227
frankboontjes@gmail.com

**Ledesake:**
Hendri du Plessis 083 6332444
hendri@qpsbrokering.co.za

**Byeenkomste:**
Henk Welthagen 082 9037986
henk@batterypro.co.za
Ewan Botha 083 2984480
bothaewan1@gmail.com

**Addisionele lid:**
Gerhard van der Merwe 083 7214130
gerhard@turbonutter.co.za

**Nuusbrief:**
'Alet Erasmus 0827889108
alete@kleinfontein.net

**Webmeester:**
Ryan Young helpdesk@firehouse.co.za


**Inho**


Voo
Red
Bye
Lief
Nog
Bes
Jaa
Waa
Vaa
Op
Van
Lag


### VERGADERINGS / MEETINGS

Die Klub vergader **<u>elke DERDE Donderdag van die maand</u>**, om 19:00 vir 19:30 by, Keunigstraat 180, Silverton, Pretoria. The Club meets **<u>every THIRD Thursday of the month</u>**, at 19:00 for 19:30 at 180 Keunig Street, Silverton, Pretoria.

### VRYWARING / DISCLAIMER


Die opinies wat in hierdie nuusbrief verskyn is nie noodwendig die van die klub nie. Die klub aanvaar geen verantwoordelikheid vir die korrektheid van tegniese data of prosedures wat gepubliseer word nie.
The opinions expressed in this newsletter are not necessarily those of the club. The club accepts no responsibility for correctnes of technical date/procedures which may be published.

## *ARCOP Voorsitter se storie ……….*



Frank Boontjes

Goeie dag my Alfa familie!

Hier begin ons 2024 storie .

Dankie vir die vertroue wat julle in my plaas deur my te verkies as voorsitter . Graag verseker ek julle maar net van my beste intensies te alle tye . Ons het verlede jaar afgesluit met ons jaareind funksie by Smoking Tyre Pub en dit was lekker om weer bietjie saam te kuier .

Ons doelstelling vir die jaar is om die klub weer te laat groei en meer bymekaar te kom. Donderdag die 18e is ons 1e Noggin en ons hoop om ñ goeie opkoms te hé .

Persoonlik het ek so ñ episode met die spider gehad verlede jaar , maar danksy Gerhard en Carlo by Turbonutters het sy ñ geslaagde operasietjie gehad en *ek kon darem weer bietjie pad aandurf in Desember.*

Daar is klaar werk begin maak aan ons jaar program , veral baandag en voorstelle rondom daai lang naweek . So bère die datums van 9e tot 11e Augustus in julle agter koppe asseblief.

Ek wil net die komitee bedank vir hulle bereidwilligheid om weer almal betrokke te wees die jaar . Ek hoop ons gaan ñ suksesvolle 2024 binne .



## Uit die Redakteur se pen ..........



Ons het 2023 op 'n kleurryke wyse afgesluit!
Die AGM was 'n gesellige byeenkoms waartydens Frank Boontjes as ARCOP Voorsitter verkies is.
Die volgende byeenkoms, was ARCOP se besoek aan Paul Jungnickel Tehuis wat ons elke jaar ondersteun met wit olifant items asook nie bederfbare produkte vir die inwoners. Hierdie jaar het Ewan Botha met sy onderneming, The Daily Coffee Café gereël om kolwyntjies vir die inwoners te bak vir die besoek! Baie dankie Ewan! (Foto's in hierdie uitgawe asook op Kungwini Welfare Organisation se facebookblad.)
Die laaste byeenkoms van die jaar, was ARCOP se jaarafsluiting by die Smoking Tyre Pub&Diner! Die weer het saamgespeel en ons het heerlik gebraai en gekuier!
Gesels gerus met Frank wat ook regalia hanteer vir 'n nuwe Alfa t-hemp vir jou versameling en om aan te trek na noggins en ARCOP byeenkomste!
Deel gerus hierdie jaar JOU Alfa storie met mede Alfiste wat in die nuusbrief geplaas kan word!

Alfa Romeo ……….. gister, vandag …………….vir altyd!

'Alet Erasmus



# ARCOP Byeenkomste / Events vir 2024

| Datum | Byeenkoms | | Plek |
|---|---|---|---|
| 18/01/2024 | Noggin | Bring en Braai | Klub |
| 22 of 29/06/2024 | Sop en Sjerrie | | |
| 04/08/2024 | Cars in the Park | | |
| **MAAK DIE VOLGENDE DATUM VAS!!!!!!** | | | |
| 9 – 11/08/2024 | ARCOP naweek!!!! **Baandag die 11/08/24** | | |
| 24/11/2024 | Paul Jungnickel Charity Run | | |
| 08/12/2024 | Jaareind funksie | | |

## Aan stuur van sake ……….

Tydens die AGM wat op 16 November plaasgevind het, is Frank Boontjes met 'n meerderheid stemme aangewys as Voorsitter vir 2024. Tydens die eerste komitee vergadering is die portefeuljes soos volg aangewys.

Tesourier: Nielen Burger

Ledesake: Hendri du Plessis

Regalia: Frank Boontjes

Byeenkomste: Henk Welthagen, Ewan Botha

Redakteur: 'Alet Erasmus

Addisionele lid: Gerhard vd Merwe

***Alhoewel daar verskillende portefeuljes is, word daar altyd as 'n span saamgewerk vir die uitbou van ons Alfa Romeo handelsmerk! Komiteelede is klublede …………. Deel van die familie.***

## Tesourier: Nielen Burger

**Ledegeld vir 2024**

R500-00

**NB Elke lid moet elke jaar die registrasie sowel as die vrywarings (indemnity) vorm voltooi asseblief**.

***Die registrasievorm gaan saam met die ledegeld betaling, maak dus seker dat beide gedoen is.***

***Wanneer jy betaal en geregistreer het, ontvang jy jou lidmaatskapkaartjie.***

**Dit is belangrik om elke jaar heraansluiting te betaal om sodoende ook te kan kwalifiseer vir jou 10jr, 20jr en 25jr lidmaatskapbaadjie. Indien jy 'n jaar van registrasie oorslaan, moet jy weer van vooraf begin jare "bymekaar maak" om te kwalifiseer daarvoor.**

**ARCOP's banking details**

**Membership fees for 2024 – R500**🏵

**ARCOP**
**Capitec Savings**
**1355340223**
**Branch :470010**

We also have our own card machine, if you would like to swipe your card at the Noggin.

**ARCOP LEDE PUNTE TELLING**

| | |
|---|---|
| Bywoon van noggin | 3 |
| Bywoon van byeenkoms (event) | 4 |
| Deelname aan byeenkoms bv baandag, gokart, spit&polish | 5 |
| Self geskryfde artikel | 3 |
| Reeds gepubliseerde artikel, m.a.w. copy&paste | 1 |
| Foto vir nuusbrief | 2 |
| Werf van 'n nuwe lid (wat aansluit) | 5 |

# Lief en Leed

## Verjaarsdae en herdenkings

Januarie 2024

Lede:
3 Heinz Katzke
12 Gerrit Faling
23 Jacques Labuschagne
25 Carlo vd Merwe
31 Willie Grobbelaar

Gades:
15 Cathleen Faling
16 Cathy Pienaar
20 Charlotte Burger

troudagherdenking
30 Koos en Charlene Steenkamp

Baie geluk aan almal ……. seënwense vir die nuwe lewensjaar!

Baie geluk ook aan Willie Grobbelaar met sy 80ste verjaardag!

Baie sterkte aan Nick en Mariaan Booysen. Mariaan ons dink in besonder aan jou en dra jou in gebed vir genesing en herstel.

**Laat weet asb indien jy kennis dra van klublid en/of sy/haar gade wat ongesteld is of wanneer jy goeie nuus het om te deel.**

KUNGWINI PAUL JUNGNICKEL HOME

**PAUL JUNGNICKEL TEHUIS**

Klere, skryfbehoeftes, toiletware, nie-bederfbare kos, medisyne soos pleisters, verbande, kombuis skoonmaakmiddels ens ens.
Bring asb saam na elke NOGGIN of tussendeur kan dit by Turbonutters afgelewer word.

# *Noggin 16 November 2023*

Die laaste noggin vir 2023 en terselfdertyd ARCOP se AGM met 'n oorsig oor die afgelope jaar se byeenkomste en verkiesing van die ARCOP komitee vir 2024.




Die Alfa's staan geparkeer by die klubhuis, terwyl hul eienaars gesellig saamkuier in die klubhuis.












Versnappering A-la-Hendri! Romerige paptert en boerewors. *Baie dankie Hendri!!*



Gesellige saamkuier en eet voor die amptelike deel van die noggin begin.


ALFA ROMEO


4C
ALFA ROMEO


Alfa

Na afloop van die AGM verkiesing, wens Gerhard vd Merwe vir Frank Boontjes geluk as Voorsitter van ARCOP vir 2024.  Frank kry ook 'n spreekbeurt.

Heinz en Corrie word geluk gewens nadat hulle lewenslange lidmaatskap ontvang agv hul aktiewe betrokkenheid vir meer as 25 jaar by ARCOP.



Heinz, Frank en Etienne.

ARCOP Komitee 2024



Agter vlnr:  Ewan Botha, Nielen Burger, Gerhard vd Merwe, Hendri du Plessis en Henk Welthagen.
Voor vlnr: Frank Boontjes, Henriëtte vd Merwe en ‘Alet Erasmus

Foto’s: ‘Alet Erasmus en Heinz Katzke

# *Besoek aan Paul Jungnickel 19 November 2023*

Elke jaar besoek ARCOP ons liefdadigheidsorganisasie,  Paul Jungnickel Tehuis.









Buiten vir nie bederfbare produkte en wit olifant bydraes,  was daar ook hierdie wit houers met ‘n heerlike verrassing vir die inwoners!



Hierdie jaar kon daar weer ‘n bederfie uitgedeel word vir die inwoners. Ewan Botha het gereël vir die heerlike en mooi versierde kolwyntjies.

**Kungwini Welfare Organisation (Paul Jungnickel Tehuis) het hul waardering op hul Facebook blad gedeel.**

On special occasions we have dessert before lunch 😋.

A tremendous thank you to @alfaromeoclub who took time out of their Sunday to come and hand out cupcakes to our residents and bring along plenty of donations with them.

We appreciate the love and support, may each of you remain blessed.

#alfaromeoclub #makeadifference #TeamKWO #love #KungwiniWelfareOrganisation #disability






## Motorklub reik uit

Die Alfa Romeo Motorklub van Pretoria hou elke einde van die jaar 'n uitreik-aksie na die inwoners van die Zwavelpoort-gebaseerde Paul Jungnickelhuis.
Wit olifant produkte en nie-bederfbare goedere is vanuit klublede se geledere vir die inwoners ingesamel en op 19 November oorhandig. Dié jaar is hulle ook met heerlike kolwyntjies bederf.

*Lede van die Alfa Romeo motorklub saam met inwoners van Paul Jungnickelhuis.* Foto's: Kungwini Welsyn

*Van links na regs: Henriëtte van der Merwe, Ewan Botha, Hendri du Plessis, Koos Steenkamp en Frank Boontjes*

Baie dankie aan Die Bronberger maandblad wat ook berig het oor ARCOP se uitreik aksie.

Foto's: Hendri du Plessis asook erkenning aan Kungwini Welfare Organisation vir gebruik van hul Facebookblad foto's.


# Familie-pas

**Sportmotor-vermoë, -hantering en pure genot is nie dinge van die verlede nie. Nie solank hierdie nuwe ALFA 1750 sedan daar is nie.**

**As jy 'n gesins man is wat opwinding soek, toetsbestuur die op-en-wakker nuwe 1570.**

**DIE**

**1970** *Alfa Romeo*



**SLEGS:**

*R3 100-00*

*BESOEK:*

# Produkta Motors

**LOUIS TRICHARDTSTRAAT Uitbreiding**

**Posbus 578** **Telefoon 1650**

**NELSPRUIT**

*Vir . . .*

**VERKOPE — DIENS — ONDERDELE**

**GUILIA 1300 TI — 1300 G.T. JUNIOR**
**GUILIA 1600 SUPER — 1750 G.T.V.**
**1750 SPIDER**

R6a

# ARCOP se Jaareindfunksie

ARCOP se laaste byeenkoms van die jaar,  is die jaareind funksie.  Hierdie jaar het ons dit weer by die Smoking Tyre/Fat Tyre Pub&Diner gehou.




Soos die gebruik is,  het ons eers by die "koeksister kruising" bymekaar gekom waarna ons in 'n konvooi na die Smokey Tyre gery het.







Mooi netjies in gelid ….. Alfa Romeo's van ARCOP.



Spesiale onderdak parkering vir die Alfa’s!




Die jongste lid van die ARCOP familie, was ook deel van die gesellligheid.



Voor ete, is die formaliteite eers afgehandel.



Heinz Katzke ontvang die trofee vir Klublid van die Jaar.



‘Alet Erasmus ontvang die trofee vir Komiteelid van die Jaar.



Gerhard vd Merwe (Voorsitter 2023) gee amptelik oor aan Frank Boontjes (Voorsitter 2024)



Die drie lewenslange lede, Heinz Katzke, Gerhard Stolz en Corrie de Wilde saam met Gerhard vd Merwe.



Terwyl die jongmanne die buitelug geniet het, het die braaiers hul vleisgeregte gereed gekry vir ‘n lekker braai.





Bygeregte …… heerlike mengelslaai, mieliepap en tamatie en uie smoor.



‘n Genoeglike dag saam met die ARCOP familie.

Foto’s: ‘Alet Erasmus, Heinz Katzke en Krissy Brown

# *WAARDASIES ……*

Vrydag 15 Desember het Nielen Burger sy Giulietta na Jacques Labuschagne geneem vir ‘n waardasie.  Tipies Alfiste,  is daar ook foto’s geneem van die twee Giulietta’s.









Klublede met klassieke Alfa Romeo’s, kan hul SAMCA waardasies ten opsigte van die klub skema by Indwe by Jacques Labuschagne laat doen.

**Lede kan vir Jacques kontak vir verdere reëlings. 073 618 7202**

# *Vaarwel aan dié geliefde Alfa Romeo's?*

'n Vaarwel aan die Suid-Afrikaanse Alfa Romeo's wat tans (3 Jan 2024) op 'n Britse plafform geadverteer word. Meeste van hierdie Alfa Romeo's in die prentjies is reeds op Britse of Europese grond. Baie van hierdie Alfa Romeo's is bekend aan ons klub lede. Al ooit gewonder hoekom ons nie meer ons geliefde Alfa Romeo's op die paaie raakloop nie? 'n Swak Rand en goeie winste vir smouse maak dit vir Britte maklik om ons motor erfenis te plunder.




























Wat hou hierdie exodus van klassieke Alfa Romeo’s in vir ons passie, ons liefde vir hierdie motors en vir die toekoms van ons klub? Is dit nou maar net die einde van alles?

Groete

Jacques Labuschagne


1966
1969
@youngcars_
1983
1990

# *Op die baan ……*




Francois Conradie se plasing op Group 1 racing

Reasonably sure this is Sarel van der Merwe winning in the factory Group 1 Alfetta, Republic Day Races, Kyalami, 1975.




Kevin Aroc op Red Star renbaan

**_Van toeka tot nou …….._**









A new “Pantera” has answered the call to serve the community. #AlfaRomeo has just renewed its longstanding partnership with the Polizia di Stato by presenting the first Tonale to join the Italian police. The new Volante police car was symbolically handed over at the Centro Stile Alfa Romeo. #AlfaRomeoTonale (29/11/2023)



Advertensie
Glazemaster



Glazed and ceramic coated.

3 jaar produk gebruik.
– Frank Boontjes


**Quintin 0810423423.**



## *Lag – 'n – Slag*



When your dad is a carpenter but you need a body guy.



# ADVERTENSIES

## Ons Klubhuis is nou by ..........

-

**TurboNutters cc.**

180 Keunigstraat, Silverton, Pretoria
Tel : 012 325 8739 / 012 326 4713
Sel : 083 721 4130 Gerhard
Epos : gerhard@turbonutters.co.za

Trustworthy Repairs on all Motor Vehicles




Alfa Romeo ……. Passion. It's in our veins.

**Advertensiekoste**

| | | |
|---|---|---|
| ***Besigheidskaart*** | ***R 25-00pm*** | ***R 300-00pj*** |
| ***¼ blad*** | ***R 50-00pm*** | ***R 600-00pj*** |
| ***½ blad*** | ***R 75-00pm*** | ***R 900-00pj*** |
| ***Volblad*** | ***R100-00pm*** | ***R1 200-00pj*** |